

Die Messianiteit van die Psalms

Deur Johannes Wichelhaus¹

Uit die Duits vertaal deur dr AH Bogaards

Net so min as wat die Fariseërs die vraag van die Here kon beantwoord “Wat dink julle van die Messias? As Dawid Hom in die Gees Here noem, hoe is Hy dan sy Seun?” (Mt 22:41 ev), net so min kan die menslike verstand die vraagstuk oplos: Hoe kon die Psalms deur die apostels van die Messias Jesus uitgelê word, aangesien dit (die Psalms – AHB) tog oor koning Dawid of Salomo handel? Ons kom hier te staan voor die belangrike ondersoek: ***Hoe het die apostels daartoe gekom om die Psalms direk van Christus uit te lê?*** (kursivering van my – AHB) Het die beskuldiging enigsins grond dat die apostels daarin verkeerdelik in beginsel die Jode gevolg het? Glo ons die Nuwe Testament, dan word in Lukas 22:41 en Handeling 1:16 baie uitdruklik getuig: Die apostels het hulle uitleg van die Ou Testament geensins aan die Joodse teologie of aan eie goëddunke te danke gehad het nie. Inteendeel, ***hulle het hulle uitleg direk aan Christus self en aan sy Gees te danke gehad*** (kursivering van my – AHB), sodat vir diegene wat aan Christus glo geen ruimte vir twyfel daaroor gelaat word nie. Boonop getuig die apostel Petrus (2 Pet 1:19): Geen enkele profesie van ‘n Bybelse Geskrif kan enigsins deur die menslike verstand uitgelê word nie. Want wat in (gemeenskap met – AHB) die Heilige Gees gespreek is, kan ook net in (gemeenskap met – AHB) dieselfde Heilige Gees opgelos en verstaan word. Manne soos Luther, Calvyn en andere, wat deur die Gees van God verlig was, het daarom ook in die Psalms en in die Ou Testament oral die Gees bespeur en hulle het ook dit daarin gevind en gelees, wat die apostels as daarin geskryf verkondig het. In die nuwer tyd daarenteen het mense die kloof tussen die belofte in die Ou Testament en die vervulling in die Nuwe Testament steeds groter

¹ Johannes Wichelhaus (1819-1858) was leerling en vriend van Hermann Friedrich Kohlbrugge. Hy was eers privaatdosent (1847) en sedert 1854 hoogleraar in Halle. Mede deur sy leerlinge, Adolf Zahn, FW Cuno en Ed. Böhl, het hy ook na sy dood ‘n groot invloed uitgeoefen. Adolf Zahn het heelwat van Wichelhaus se lesings gepubliseer, onder ander die oor die Psalms, waaruit hierdie artikel afkomstig is.

gemaak en die apostoliese getuienis deur 'n ander verdring, wat hulle of histories of tipies, in die nuutste tyd organies-tipies of pneumatiese uitleg genoem het.

Om oor hierdie belangrike onderwerp helderheid te kry verplaas ons ons na die tye van Dawid en vra die volgende vrae:

1. Eerste vraag: In watter Gees het Dawid sy gebede voor God uitgespreek en neergeskryf?

In watter Gees het Dawid sy gebede voor God uitgespreek en neergeskryf?

- Handeling 2:30 sê dat Dawid, aangesien hy 'n profeet was, vooruitskouend gespreek het van die opstanding van Christus; en Christus self sê (Mt 22:41) dat Dawid in die Gees die Messias sy Seun genoem het. En Dawid getuig (2 Sam 23:1) dat die Gees van die Here deur hom gespreek het en dat sy woord op sy tong was. Gevolglik het Dawid self, net soos die profete, dit heeltemal seker gewet dat nie bloot die gedagtes nie, maar ook die woorde van sy Psalms nie van hom nie, maar van die Gees van die Here afkomstig was (vgl Ps 45:2). Die leer van die apostel (1 Pet 1:10) sê: Die profete het gesoek en nagespeur op watter tyd die Gees van Christus in hulle gewys het, sodat Dawid daarom vir homself met sy gees oor die tyd van die vervulling hiervan, wat die Gees van Christus in hom geopenbaar het, na die betekenis (daarvan - AHB) gesoek het. Ook sê die apostel juis met betrekking tot die openbaring in die Skrif dat aan God al sy werke van ewigheid af bekend is en dat die Gees alles deursoek, ook die dieptes van God (Hand 15:18; 1 Kor 2:11 ev). Wie hom nie opsetlik verset teen die getuienis wat die Gees van Homself aflê nie, so iemand sal by elke Psalm oortuig word: Nie 'n menslike gees nie, maar alleen die Gees van God kan so 'n gebed in die mens se siel aansteek en alleen die Gees van God kan die woorde daarvoor aanreik, in soverre naamlik dat die Heilige Gees alleen die ware erkenning van sonde en boete skep, die geloof en die vertrouwe op God verwek en onderhou, die vrymoedigheid tot gebed en (midde in die nood) die sekerheid van verhoring gee. Die Gees van Christus en God het dus deur en in Dawid gespreek en hoe 'n mens ook al die Gees van God wil neertrek en sy persoonlikheid wil loën, ewe beslissend leer die Skrif hier om die sterkste teenstelling vas te hou dat alles wat van die mens af kom, menslik en aards is en dat slegs dit wat van God uitgaan, ewig en goddelik is. Vra 'n mens waaraan jy dit kan weet of iets in (gemeenskap met – AHB) die Gees

van God of in menslike gees geskryf is, dan moet 'n mens nie dink aan daardie eienskappe van God waarvolgens Hy vir ons onbegryplik en onnaspeurlik is nie, maar aan dit waarvolgens die Gees van God Hom aan ons gees bekendmaak en openbaar. Hy is die Heilige Gees voor wie geen plooi van die hart verberg kan word en geen ongeregtigheid kan bestaan nie; Hy is die Gees van die waarheid, wat die alleen ware heil en die enigste voor God geldende geregtigheid verkondig en verseël, wat die ware kennis gee van sonde, geregtigheid en gerig; Hy is die Gees van die vrymoedig toetree tot God, wat God in sy genade openbaar en vrede, toevlug, vreugde en ewige lewe bring. Toets 'n mens die Psalms volgens hierdie gesigspunte, dan sal die Gees getuig dat die Gees waarheid is en die mens sal moet erken dat dit vir die mens uit eie gees onmoontlik is om so te bid soos Dawid gebid het. Want in die mens se siel is wel vrees, maar geen waaragtige vertrouwe op God nie, en die heil wat God in Christus vir 'n sondaarmens berei het, kon geen mensehart vermoed nie (1 Kor 2:9; Jes 64:4).

2. Tweede vraag: Watter plek het die Heilige Skrif vir koning Dawid in die verwerkliging van God se heilsplan aangewys?

Ons beantwoord tweedens die vraag: Watter plek het die heilige Skrif vir koning Dawid in die verwerkliging van God se heilsplan aangewys?

Wanneer die engel die geboorte van Jesus aankondig, sê hy in Lukas 1:32: Hy sal die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee. (vgl ook Luk 1:69, 2:11; 2 Sam 7:13; Mt 1:1; 2 Tim 2:8; Rom 1:2). Matteus 1:1 beklemtoon dat Jesus 'n seun van koning Dawid is en Paulus wil hê dat Jesus Christus in gedagtenis gehou moet word as “opgestaan uit die dode, uit die saad van Dawid” (Rom.1:1). Dawid was nie 'n koning in die gewone sin van die woord nie. Hy is deur God uitverkies, deur God gesalf, deur God deur lyding heen tot heerlikheid gelei en as vors oor sy volk gestel, tot hoogste oor alle konings van die aarde (Ps 78:70 ev; 89:20 ev). Die ou teologie het nie ten onregte onderskei tussen reële en persoonlike tipes nie: Soos dit naamlik God behaag het om in die inrigting en verordeninge van die priesterdom soos in 'n beeld die voorspelling in te sluit en neer te lê van die hoëpriesterskap van Christus, so het Hy nie minder nie die belofte van die Messias as die van God gegewe, gesalfde en verhoogde Koning 'n sigbare daarstelling en verskyning laat kry in die koninkryk van Dawid. Deur Dawid het Hy veral die lyding van die Messias en sy daarop volgende

verheerliking voorafgebeeld. Die persoon en die geskiedenis van Dawid is alreeds in die oë van die profete niks anders nie as 'n – om nou maar so te sê - beliggaming en 'n in die lewe treënde, persoonlike afbeelding en belofte van die enige en ewige Koning, wat as die Seun en Uitverkorene van die ewige Vader reg en geregtigheid op die aarde sou grond (Hos 3:5; Jes 34:23 ev; Jes 55:3,9,7). Nie anders nie het ook Dawid homself kon beskou nie, soos Paulus (Hand 13:22,34) sê dat Dawid die raad van God aan sy geslag bedien het. Deur die salwing van Samuel was Dawid in die oë van die volk die gesalfde van die Here en deur hierdie salwing het al sy lyding oor hom gekom en deur hierdie salwing is hy uit alle lyding gered. Wanneer hy dan rus het van al sy vyande en vir die Here 'n huis wil bou te Jerusalem, laat die Here hom deur sy profeet die belofte van 'n ewige koninkryk bring, dat nie hy vir God nie, maar dat God vir hom 'n huis sal bou en 'n seun en erfdeel aan hom sal gee, vir wie Hy self tot Vader is, was dus as Dawid se seun tegelyk God se Seun sal wees (2 Sam 7), om watter rede ook Dawid in sy gebed uitroep: God het van 'n verre toekoms met hom gespreek het en van die profesie van 'n mens, wat tegelyk God die Here uit die hemel sou wees (2 Sam 7:19; 2 Kron 18:12, 17). Hierdie belofte het Dawid as woord en gawe van vrye genade en onbegryplike liefde van God ontvang, en hoe meer hy die omvang en die hoogte daarvan verlangend nagevors het (vgl 2 Sam. 7:18,22 ev), des te meer moes hy deur die Gees daarheen gelei gewees het om dit met vroeëre beloftes en genadebewyse van God te verbind. Hy moes erken dat hy self en sy koninkryk net 'n vervulling was van die belofte wat aan Juda gegee is (Gen 49); dit moes sy oë heengestuur het na die daarvoorheen verkondigde Silo, waarop ook die belofte wat aan die aartsvaders gegee is en die eerste evangelie (Gen 3) gewys het. Daaruit moes Dawid verder erken het: Hy is net 'n loot uit die wortel van Isai, hy is net 'n lid in die voortplanting van die beloofde Godssaad, 'n deur God self in die lewe geroepe loot in die stamboom van Christus. 'n Ewige belofte het Dawid agter hom en voor hom gehad, soos Jesus Homself dan ook noem die wortel en die geslag van Dawid (Op 22:16); hierdie belofte was aan hom bekend, dit het in hom geleef en hy het daarin geleef; soos Abraham vir Levi, so het Dawid Christus onder sy lendene gedra, en so het by Dawid sy eie persoon nie in aanmerking gekom nie, maar in sy persoon het hy die belofte gedra van die ewige Koning, sodat ook van hom gegeld het wat Paulus in Galasiërs 2:20 sê: “en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my” 2 Kor 4:10-11: “Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. Want altyd

word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word.” En ook daarom, aangesien Dawid dit goed geweet het dat hy self nie die koning was wat van sonde en dood kon red nie; maar aangesien hierdie Koning Christus deur sy Woord en sy Gees in Dawid geleef en God met ‘n eed dit aan hom gesweer het dat Christus uit sy saad as Messias gebore sou word, daarom noem Dawid in die Gees hierdie aan hom beloofde Seun sy Here (Ps 110; vgl 1 Kon 1:47 Dawid het aanbid voor Salomo). Van Hom het Dawid die ewige verlossing verwag (Ps 72). En veral in sy laaste woorde het hy dit uitgespreek: Sy hele sielevreugde en sy hele hoop het uitsluitlik gesteun op hierdie verbond wat God met hom opgerig het en (hierdie verbond – AHB) waarin Hy aan hom ‘n heerser beloof het oor Israel, ‘n heerser in Godsvrees (2 Sam 23). Dawid het die sege behaal oor die vyande van Israel, maar teenoor die vyande van die siel was hy self verleë; hy kon nog homself, nog ‘n ander verlos, die ewige geregtigheid kon hy nie grond op aarde nie. Maar hy het ervaar dat God uit Homself ‘n versoening en verlossing berei het; hy het dit geglo dat God self die Man sou stuur, wat vir Hom ‘n woning sou bou onder die mense; hy het geglo dat uit hom die Messias gebore sou word; “Hy wat”, so voorspel hy, “die siel uit druk en geweld sal verlos” (Ps 72:12-14). “Hy sal priester in ewigheid wees en sy koninkryk het geen end nie; Hy sal verneder en verhoog word; deur sy oorwinning word vir Hom ‘n volk gebore, wat Hom gewillig dien in heilige feesgewaad” (Ps 110). Deur die ervaring van sy lewe is hy in die erkenning van die komende Messias ingelei; hy het geweet dat die lyding en heerlikheid van die Woord deur hom te voorskyn gekom het en so het hy op grond van sy belewenisse voorspel wat die aan hom beloofde Seun sou oorkom. Ja, sy hele lewe was vir hom niks anders nie as ‘n verkondiging en voorspelling van die komende Christus, wat voor hom was en na hom sou wees.

3. Hoe die profete die Psalms sou gelees het

Dit volg hieruit (uit die vorige punt, punt 2 – AHB) direk op welke wyse die profete die Psalms sou gelees het. Dawid was ‘n sondige en sterflike mens, maar die belofte wat in Dawid geleef het, kon nie met hom sterf nie; omdat die belofte na sy oorsprong en wese ewig en uit God was, moes dit gevolglik ook uit God uiteindelik eenmaal ‘n ewige, volkome, blywende vervulling vind. Die verbond van God wat vir Dawid gesweer is, in samehang met die seënwoord wat vir die aartsvaders gesweer is, het vir alle profete die grondslag gelê van al hulle Messiaanse

voorspellings. Hierdie verbond wat Dawid self (2 Sam.23) “goed georden en verseker” noem, word deur die profete genoem: die bestendige genadebewyse van Dawid (vgl Ps 89, Jes 55:3). Die profete het elke opvolger van Dawid daarvolgens beoordeel: of hulle met die beeld van Dawid ooreenstem. En elke genade en weldaad wat aan die huis van Dawid bewys is, het die profete terug herlei na die toesegging aan Dawid. Ook die profete het daarom glad nie in Dawid die tydelike persoon betrag nie, maar veel eerder in hom en aan hom ‘n afbeelding van die Messias. Om hierdie rede noem die profete ook Christus doodeenvoudig Dawid (Hosea 3:5; Eseg 34:23, vgl Jer 33:15). Hulle ontleen dus ook aan Dawid die trekke om die beloofde Christus te skilder, sy toekoms in ‘n tyd van diepste smaad (Jes 11:1). Soos Dawid uit die neerliggende wortel van Isai soos ‘n klein, fris loot uitgespruit het, so en nog heeltemal anders sal die geval wees met die beloofde Dawidseun (Jes 11:1); in Betlehem sal Hy gebore word, die stad van Dawid; as Hy gebore word wie se uitgange van ewigheid is, sal die huis van Dawid nie anders wees as God nie (Sag 12:8); Hy sal die Here se tempel bou, soos aan Dawid belowe is (Sag 6:12); soos Dawid sal Hy gesalf wees met die Gees van genade en van gebed; soos Dawid deur talle lydinge deurgegaan het, so sal Hy deur die volk verag, deur God geslaan en verlaat en aan die dood prysgegee word (Jes.49, 52, 53) (vgl Ps 22); soos Dawid ‘n getroue herder was, so sal die Messias dit wees (Eseg 34) (vgl Ps 72); soos Dawid nie gering genoeg kon word in sy oë, toe hy die ark na Jerusalem gebring het nie (2 Sam 6:22), so het die Koning van Sion arm en ‘n Helper geword (of een wat gehelp word) (Sag 9:9); soos Dawid enkel vrede, koninklike amp en werk moes uitdruk, God se Naam moes preek aan sy broeders, so moes die Seun van Dawid die werk van God voleindig op aarde en die aangename jaar aan sy volk preek (Jes 61); soos Dawid alle vyande van Israel oorwin het, so sou Hy die gevangenes uit die kuil verlos deur die bloed van sy verbond en vryheid verskaf van alle vyande van die siel (Luk 1:74; Sag 9:11); soos onder Dawid alle stamme verenig was, so sou daar in die tyd van die Messias vir die Naam van die Here net een en enigste Herder van almal wees; maar deur die diepste en uiterste lyding, smaad, hoon en volledige verwerping heen sal Hy tot sy heerlikheid ingaan (Jer 52:13). As Hy Hom egter neergebuig en aan die weg uit die beek gedrink het (Ps 110:7), sal Hy Hom hoog stel, opvaar en die erestoel inneem aan die regterhand van God (Dan 7:13,14; vgl Ps 110:1); konings sal dan kom en Hom aanbid, oor die ganse aarde sal sy heerskappy uitgebrei word en die

gedagtenis van sy Naam sal soos die son en die hemel vir ewig bestaan (Jes 49:6; Jes 60. Vgl met Ps 72).

Op grond van hierdie uitsprake van die profete was daar reeds voor die geboorte van Christus 'n baie volledige leer van die Messias onder die Joodse volk uitgebou; die Joodse volk het Hom as die tweede Dawid, as die Seun van Dawid, die Koning van Israel, verwag; en nie alleen daardie Psalms wat oor die heerlikheid van die Dawidiese koninkryk handel nie, maar ook die diepste lydenspsalms soos Psalm 22 en 69 en andere het algemeen gegeld as Messiaans en uit hulle is die vrae beantwoord hoe dit gesteld sou wees met die Messias, wat Hy sou doen, ly en wat Hom sou oorkom. – die gelowiges, wat op die ryk gewag het, het vasgehou aan die beloftes, wat aan die aartsvaders en Dawid toegesê en gesweer is.

4. Jesus van Nasaret is die belofde Dawidseun

Jesus van Nasaret is die belofde Seun van Dawid wat deur God gestuur is in die volheid van die tyd, waarin volgens Daniël 9:24 die gesigte en voorspellings verseël, dit wil sê in hulle waarheid vervul en verwesenlik sou word. So waaragtig as wat dit nou is dat Jesus Christus die ewige en eniggebore Seun van die Vader is, - so waaragtig is dit andersyds dat Hy ware mens is en dat Hy deur sy menswording vrywillig alles op Hom geneem het wat tot die natuur van die Messias behoort. Hoewel Hy Seun was, het Hy Hom in die dae van sy vlees in 'n buitengewone toestand van diep lyding bevind en het Hy in hierdie lyding sy versterking en sy oorwinning net in die gebed tot sy Vader kon vind, soos die apostel uitdruklik leer (Heb 5:7) en soos die geskiedenis van die Evangelies daarvan getuig. So het daar vir die Psalms van Dawid 'n nuwe subjek ingetree, deurdat Jesus as die deur God gesalfde Vors van saligheid, as die Koning en Herder van die gelowige gemeente alles wat Dawid eenmaal gely het, in 'n onvergelyklik hoër graad moes ervaar, en aangesien Hy met die Gees gesalf was sonder mate en bo al sy stamgenote, het Hy gebed soos geen ander nie en het Hy uit die gebede van Dawid sy eie gebede gemaak. Daar kan geen lyding en geen angs en nood van 'n mens bestaan, wat die Middelaar tussen God en mens, die Messias Jesus Christus, toe Hy hier op aarde was, gevoel en deurgemaak het, in die gebed aan God voorgedra en in die Gees van die geloof oorwin het vir sy hele gemeente. Daar is daarom ook byvoorbeeld in Psalm 40 geen vers wat Christus nie uit sy siel kon bid nie, maar dit is Christus in die volle sin as die Seun van Dawid, die Seun van die mens – dit is duidelik die

mens in ons plek, op Wie God al ons sondes laat neerkom het en deur Wie Hy alle vyande van ons saligheid verbrysel het. Maar soos nou Christus, hoewel Hy die Seun was, deur lyding gehoorsaamheid geleer het en in alle dele Hom as die Een beskou het, wat (na Gees en daarom ook letterlik, vir die ewigheid en derhalwe ook tot op elke afsonderlike getuienis) die Skrifte moes vervul, het God die Vader sy ewige raad wat deur die stemme van die profete bekendgemaak is, ook heerlik en volkome deur Hom, met Hom en in Hom uitgevoer. Tot in die kleinste besonderhede is dit wat in die Psalms geskryf is in Jesus Christus bewaarheid en verwesenlik. En soos wat Christus aan elke woord en uitspraak so vasgehou het, dat Hy in die verskriklike oomblik aan die kruis met die woorde van Psalm 22 die geloof behou het en daarmee die Skrifte vervul het, die woorde “my dors” volgens Psalm 22 en 69 gespreek het, net so het die Allerhoogste van sy kant nie minder nie ten opsigte van besondere, bekende uitsprake van sy woord, - onder andere die woorde “Hulle het my hande en voete deurgrawe”, “Hulle het die lot gewerp oor my gewaad”, “Hulle het my gal gegee om te drink in my groot dors” uit dieselfde Psalms (22 en 69) - letterlik aan sy Christus laat vervul.

5. Slot

Na wat gesê is, is geen kommentaar meer nodig oor hoe die apostels en evangeliste die Psalms gelees het en hoe hulle dit met betrekking tot Christus uitgelê het nie. Die Skrifte van Moses, die profete en die Psalms het vir hulle die getuienis van God oor sy Messias bevat; om hierdie getuienis in al sy uitsprake, volkome na die mening van die Gees, letterlik en oënskynlik in Jesus van Nasaret vervul te sien, was die grond van hulle geloof, dat die verlossing wat in Christus volbring is, volgens die ewige wil, wet, voorneme en raadsbesluit van God is en gevolglik betroubaar en vir die ewigheid gewaarborg is.

(Uit: Voorlesings van professor J Wichelhaus oor die Psalms. Uitgegee deur dr A Zahn, Stuttgart, Steinkopf, 1891)